***Die Meester voorspel Sy dood en opstanding***

**182** Markus gee nou vinnig opdrag om die middagete gereed te maak, gaan na die bewuste plekkie waar ons ons bevind en vertel ons baie noukeurig sy belewenisse met die fariseërs.

[2] **Ek** prys hom daarvoor en sê: "Markus, Ek sê vir jou, die volk was vanaf die begin uitverkore, en die groot belofte wat hulle gekry het, het nou algeheel in vervulling gegaan. Maar die volk is verstar en wil die groot tydperk van sy beproewing nie sien nie, hulle soek egter hul verlossing in die poel van hierdie wêreld, wat as `n droombeeld sal vergaan. Daarom sal toegelaat word dat dit die maat van sy gruweldade volmaak, en dat dit sy Elohim en Meester sal dood!

[3] Daarna sal alle Barmhartigheid en alle Lig en alle Geregtigheid van die volk weggeneem word en aan julle heidene gegee word, want julle wil is goed en as blindes het julle gesien wat die siende Judeërs verwerp het.

[4] Daarom kom die Lig nou van bo tot julle en maak dat julle siende harte kry, maar die kinders van die lig sal buitentoe gestoot word in die buitenste duisternis. Onder vreemde volke sal hulle broodkrummels soek en die naam 'volk' sal van hulle afgeneem word, en hulle sal in die toekoms geen volk meer wees nie!"

[5] **Markus** sê: "Dan kan dit tog gebeur dat hulle vir U êrens in hulle groot woede sal gryp en U liggaamlik sal doodmaak, soos wat hulle dit met byna al hulle profete gedoen het?"

[6] **Ek** sê: "O ja, dit sal hulle met My doen! Maar dan is dit met hulle gedaan!"

[7] **Markus** sê: "Ja, ja, soos wat ek gister al gesê het: Die gebroedsel is tot elke denkbare misdaad in staat! U moet U daarom so lank as wat moontlik is ag gee op die sogenaamde stad van Elohim, want hulle sal U dood, tensy U daarteen al U versigtigheid en goddelike almag daarteen inspan; want die dienaars van die tempel ken ek uit- en inwendig! Wie dit waag om hulle leer, wat al lank `n leer van die bose gees is, aan te pak, moet teen die hele hel veg. Hul vriendskap is onheil en hul vloek is die dood. Die lewe van `n mens staan vir hulle gelyk aan die lewe van `n muggie, waar geen mens op let nie omdat dit te onbeduidend is."

[8] **Die leerlinge** sê: "Sover ons ons Majesteit en Meester ken, sal hulle hulle nog so geraffineerde boosheid te pletter loop teen Sy Wysheid, want Hy wat die dood kan gebied, Hy, wat die dooies weer tot die lewe kan wek, sal moeilik wees om dood te! maak"

[9] **Ek** sê: "Ja, Hy sal in ewigheid nie dood kan wees nie. Maar tog sal Hy gedood word as `n getuienis teen hulle, sodat hulle gegewe maat kan vol word! As hulle hulleself aan Elohim se heiliges vergryp het, dan sal hulle hulleself ook aan My vergryp en daardeur skeppers van hul eie oordeel word! Maar wie self so iets wil, die ondergaan geen onreg as hy verwerp word nie! As hulle egter onuitspreeklike gruwels met die bodes begaan het, dan sal hulle ook Hom nie oorsien wat die bodes voor Hom uitgestuur het nie.

[10] Hul noodlot sal egter daaruit bestaan dat die Gedode, na skaars drie dae, as `n magtige Oorwinnaar van die dood en al sy vyande, tot ewige troos van Sy vriende en broers, ongedeerd, in Sy volle krag, en geheel en al bruisende van lewe, uit die graf sal opstaan! Dan sal hulle in groot vrees en vertwyfeling hulle planne beraam hoe hulle die uit die dood opgestane weer sou kon dood, maar hulle sal nie in staat wees om `n besluit te neem nie, en hul val sal spoedig daarna volg.

[11] So sal dit gebeur en daardeur sal My voorspelling ten volle vervul word.

[12] Julle sal weliswaar bedroef wees en ter wille van My groot angs deurstaan, maar julle bedroefdheid, vrees en angs sal spoedig verander in groot vreugde, as julle die Gedode weer heersend oor al die lewe en alle dood, net soos nou, by julle sal sien!"

[13] **Markus** sê: "As dit so sal gaan, dan is dit egter nie so moeilik om Hom in `n sekere sin slegs vir die skyn te laat doodmaak nie! Onder die omstandighede kan U dan wel na Jerusalem gaan, soos U dit wil; want met U kan niks gebeur nie! As U Meester oor lewe en dood is, wie kan U dan dood? En as `n mens U dood, of dink dat hy U gedood het, en U kom na die dood nog lewendiger te voorskyn vir die geveg met die vyand, as vóórdat U gedood is, sou ek nie graag in die vel van U vyande wou wees nie. Hulle sal dan deur `n vuur van angs en vrees verteer word. En van al hul berade, peins en strewe sal vir nou en altyd niks plaasvind nie! Want juis daardeur sal al hul skandelike gruweldade in die volle daglig vir alle mense sigbaar word, en hulle werklike bestaan het dan deur die beter deel van die mensdom die lank gewenste einde vir ewig bereik. O Majesteit en Meester! Doen dit maar so vinnig en so seker moontlik! Ek het al wel oud geword en sal die aarde nie so lank meer met my voetstappe lastig val soos wat ek reeds gedoen het nie, maar dit sou ek dan tog nog graag wou meemaak, en my dood sal dan nie vir my swaar wees nie!"

[14] **Ek** sê: "Dit is weliswaar nog nie heeltemal seker of dit so sal moet gebeur nie, maar dit is eerder ja as nee! - Maar die tyd het nou al ver oor die middel van die dag aangestryk, en ons liggame verlang ook na voedsel, daarom moet ons weer na benede gaan om `n liggaamlike versterking te gebruik!"

[15] **Markus** sê: "Ja, U het weer volkome gelyk, die middagete sal klaarstaan, laat ons daarom na benede gaan! Na die maaltyd kan ons dan, soos dit U, o Meester, geval, weer na die plekkie terugkom."

[16] **Ek** sê: "Vanmiddag sal ons anders doen. Môre sal die plekkie weer vir ons welkom wees. Nou gaan ons egter!"

## *Cyrenius word aangekondig*

**183** Toe ons na `n paar tellings onder kom, staan die middagete al klaar en ons gaan buite aan die groot tafel sit wat gereedstaan in die digte skaduwee van `n kastaiingboom. Goed voorbereide visse, brood en wyn en lekker vars vye word in ruim mate bedien, sodat ons, so `n dertig man bymekaar, meer as genoeg te ete gehad het. Die maaltyd gaan heel gesellig verby en Markus, die spraaksame, ou regskape krygsman vertel ons, op sy aangebore aanskoulike manier van vertel, baie van sy belewe-nisse. My leerlinge was daardeur in die geleentheid geplaas om die wêreld ontdaan van alle fraiings voor hulle te sien, en daar vir hulleself baie uit te haal ten voordele van die mensdom wat later aan hul leiding toevertrou sou word.

[2] Na die meer as twee uur durende tafelsitting, het daar uit die stad `n bode vir Markus aangekom en hom die berig gebring dat die ou opperstadhouer, Cyrenius, omstreeks die middel van die dag in Césarea-Philippi aangekom het. As hy wou, kon hy, as soldaat wat die opperstadhouer goed geken het, daarheen gaan en sy armoedige omstandighede, wat welbekend was, na vore bring. Dan sou die opperstadhouder vir hom doen wat moontlik was.

[3] Markus antwoord die bode: "Sê aan my ou strydmakker dat ek my aan sy voete sal lê en hom talle kere sal dank vir sy geëerde herinnering van my baie armoedige toestand! Maar ek sal hierdie keer geen gebruik kan maak van sy barmhartigheid, as ek daarvoor na die stad moet gaan nie, want ek het gaste, waarvan die hoogste, die Majesteit en Meester, my wonderbaarlik van my vroeëre ar-moede bevry het. Hierdie Majesteit en Meester het my beloof om vir ses volle dae by my te bly, en daarom sou ek dit as `n groot oortreding beskou as ek Hom ook maar net vir `n oomblik sou verlaat. As my ou krygsmakker dit egter nie te ver benede sy hoë keiserlike waardigheid sal ag om `n wandeling na my hier buite te maak nie, dan sal alles hier gedoen word om hom so waardig as moontlik te ontvang!"

[4] **Die bode** sê: "Uitstekend, ek sal die hoë gebieder woordeliks alles so oorbring soos wat u dit my gesê het!" - Daarop groet die bode, klim op sy muildier en vertrek so gou moontlik.

[5] Toe die bode nie meer in geen veld of weg te siene was nie, sê **Markus**: "Ek hoop nie dat die hoë stadhouer my die antwoord sal kwalik neem nie!"

[6] **Ek** sê: "Bekommer jou maar nie daaroor nie! Ek sê vir jou: As hy sal hoor dat Ek kennelik hier is, sal hy geen tien tellings wag met die besluit om hierheen te kom nie, en dan kan jy jou maar voorstel wat die Glansrykheid van Elohim is! Want weet dat Cyrenius vir My al My lewe lank ken!"

[7] **Markus** sê: "Dit sal wel so wees, maar hy is in die wêreld `n te hooggeplaaste persoon, en moet daarom ter wille van die dom mense baie nalaat, wat hy andersins beslis sou doen, en daarom twyfel ek tog sterk daaraan of hy my die groot barmhartigheid van `n besoek sal kan bewys."

[8] **Ek** sê: "Voordat jy driemaal na die bekende plekkie omhoog en weer terug gegaan het, sal hy hier wees: Nouliks sal die bode hom die berig oorbring, of Cyrenius, wat sy maaltyd nog nie gebruik het nie, sal sonder enige getalm alles laat lê en opstaan en hom met sy hele gevolg hierheen haas om My te sien en met My te praat.

[9] Sê maar aan jou vrou en dogters dat hulle dadelik nog `n maaltyd vir hom en sy mense moet klaarmaak; want omdat hy en sy geselskap nie in die stad sal eet nie, sal so `n maaltyd hom baie wenslik en welkom wees!"

[10] Markus roep dadelik sy vrou en sy ses dogters uit die hut en sê dat hulle vir die aankomende opperstadhouer Cyrenius `n maaltyd moet voorbe-rei, en wel voldoende vir ongeveer nog dertig persone!

[11] Die vrou kyk Markus stom verbaas aan en weet nie of dit nou miskien erns of skerts was nie. Maar Markus laat haar tog dadelik na die kombuis gaan, en die vrou begin die opdrag uitvoer.

[12] Tewens gee Markus beide sy seuns opdrag om vanaf die heuwel uit te kyk, en as hulle die een of ander glinsterende skare uit die stad sou sien aankom, om hom dadelik te waarsku. Beide seuns gaan dadelik verby die baai tot by die plek vanwaar `n mens `n vry uitsig op Césarea- Philippi het, en hulle ontdek die glinsterende skare terwyl dié al aan die end van die breë straat sy skrede rig na die smalle voetpad, waaroor mens binne `n kort kwartier maklik die huis van Markus kan bereik.

[13] Toe beide seuns dit sien, hardloop hulle dadelik asemloos terug en vertel wat hulle gesien het.

[14] Toe vra **Markus**: "Majesteit en Meester, nou moet ons hom tog wel op eg Romeins eerbiedige manier tegemoet gaan!?"

[15] **Ek** sê: "O nee! Wie ter wille van sy heil hom gedwonge voel om na My toe te kom, hy kom tog wel, al gaan ons hom nie tegemoet nie! Maar Cyrenius is groot van gees en het dit nie nodig dat `n mens hom tegemoet gaan nie. Slegs wanneer iemand wat swak van siel en liggaam is, die weg na ons ingeslaan het, moet ons hom tegemoet gaan, sodat hy nie halfpad moeg word, bly lê en omkom nie!"